

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 3 No 4 Desember 2009

Die kwartaallike personeelblad vir die mense van die NWU

Kanselier en Visekanselier tydens vorstelike geleentheid ingehuldig

Kgosi Leruo Molotlegi, koning van die Bafokeng-nasie is op 17 September 2009 tydens 'n glansgeleentheid as tweede Kanselier van die NWU ingehuldig. Dr Theuns Eloff is terselfdertyd in sy tweede vyfjaartermyn as Visekanselier bevestig.

Kgosi Moletlegi, opvolger van dr Popo Molefe wat sedert die samesmelting in 2004 Kanselier was, het sy rol as Kanselier met vorstelike waardigheid aanvaar.

"Universiteite behoort die intellektuele laboratoria te wees vir idees wat die wêreld verander," het hy tydens sy inhuldiging gesê.

Om dit te kan doen, meen hy, moet 'n Universiteit akademiese vryheid koester. Hy beskou respek vir akademiese vryheid as een van die waardes wat die NWU saamsnoer. Twee ander belangrike waardes is verdraagsaamheid en toegewydheid aan voortreflikheid.

"Al is die geskiedenis en tradisies van die drie kampusse verskillend, is die NWU vandag één universiteit, juis omdat ons hierdie waardes deel," het hy gesê.

'n Hawe vir uitdagende denke

Akademiese vryheid is vir Kgosi Molotlegi 'n belangrike verenigende waarde. Solank akademië hulle pligte nakom, moet hulle sonder inmenging of beperkings navorsing kan doen, publiseer en onderrig.

"Universiteite is van die sosiale instellings wat wêreldwyd die langste oorleef het, juis omdat hulle veilige hawens is vir denke wat nuut, uitdagend of omstrede is."

Dit is vir hom ook belangrik dat die NWU 'n plek van verdraagsaamheid is, selfs al sukkel die Suid-Afrikaanse samelewing nog met verskeie vorms van vooroordeel.



Kgosi Leruo Molotlegi (links) is tydens 'n seremonie by die Madiba Banketsaal in Potchefstroom as tweede Kanselier van die NWU ingehuldig. Dr Theuns Eloff is terselfdertyd in sy tweede vyfjaartermyn as Visekanselier bevestig.

! Vervolg op bladsy 3

Navorsers
vereer

6

Premier
onthul
kunsmerk

13

NWU kry
twee nuwe
publikasies

14

Lees hier!



2009 was 'n goeie jaar

Die jaar spoed ten einde en ek hoop dat almal nog hulle perspektief en balans behou! Dit voel vir my altyd of die tweede semester erger en vinniger en besiger as die eerste een is. Hierdie jaar is geen uitsondering nie.

As u hierdie uitgawe lees, sal die eksamen op al drie die kampusse al afgehandel wees.

Enige terugskouing op 2009 moet oorwegend positief wees. Gegewe die NWU se uitstekende vertoning in ons kernbesigheid in 2008, kon ons net voortbou op daardie vaste fondament.

Wat onderrig-leer betref, is dit wel waar dat die finale oordeel oor die vlak van die Nasionale Senior Sertifikaat nog gevel moet word, en dat dit moontlik 'n negatiewe uitwerking op ons voorgaande slaagsyfer mag hê. Ek sal vroeg in 2010 hieroor terugvoer kan gee.

Wat navorsing betref, is die eerste berigte dat ons ten minste die uitsette van 2008 gaan ewenaar – en dit op al drie die kampusse! Die enigste teleurstellende element van 2008 se uitslae – minder meestersgrade en PhD's – kan dalk ook 'n verbetering toon.

Wat bestuur oor die algemeen en finansies spesifiek betref, was dit 'n goeie jaar. Die effek van die ekonomiese resessie is nog nie sterk in ons inkomste gevoel nie, en ons voorsien 'n gesonde surplus vir die einde van die jaar – iets wat ons in staat stel om verder in ons

kernbesigheid te investeer. Die Raad het op 20 November die voorgestelde begroting van om en by R1,86 miljard oorweeg. As Bestuur was ons vir 2010 meer konserwatief, omdat ons verwag dat die resessie in veral laer inkomste uit derdegeldstroom en hoër slegte skuld van studente sigbaar sal word.

Die onlangse konferensie oor die samesmeltings het weer getoon dat die NWU wat kernbesigheid, stelsels en prosesse betref, die sektor ver voor is. Dit was opvallend dat dit slegs die NWU was wat statistieke oor suksesse van die samesmelting voorsien het. Dit het voorgaande slaagsyfers, navorsingsuitsette, innovasie-aktiwiteite en finansiële stabiliteit ingesluit.

'n Ander belangrike agendapunt vir November se Raadsvergadering was die verkiesing van die kampusrektor vir Potchefstroom en Vaaldriehoek. Die proses is reeds ver gevorder en verskeie rolspelers (soos die Institusionele Forum, kampus-senaatkomitees, die Senaat en die kampus-studenterate) was betrokke om die kortlys van kandidate saam te stel. Die drie kandidate vir die Potchefstroomkampus en die vier kandidate vir die Vaaldriehoekkampus het reeds vir hul evaluering gegaan. Die onderhoude het op 9 en 10 November plaasgevind en die Raad het die aanbevelings van die paneel op 20 November oorweeg.

Met hierdie aanstellings betree die NWU in werklikheid die post-samesmeltingsfase. Ons neem afskeid van die eerste senior bestuurslede wat die samesmelting laat werk het en kry twee leiers wat nie van die begin af betrokke was nie. Dit sal noodwendig nuwe denke en innovasie



bring, iets wat ons as universiteit sterk onderskryf deur ons leuse "Innovasie deur diversiteit".

Mag ek daarom van hierdie geleentheid gebruik maak om al die personeel wat aan die einde van hierdie jaar uittree, maar veral proff Annette Combrink en Piet Prinsloo, te bedank vir die rol wat hulle die afgelope jare gespeel het om die NWU een van die beste universiteite in die land te maak. As kampusrektor het hierdie twee veterane 'n beduidende rol gespeel om hul onderskeie kampusse op 'n nuwe en beter ontwikkelingstrajek te plaas. Ons eer hulle hiervoor, en die geskiedenis sal dit bewys.

Dis 'n paar weke na die einde van die jaar toe. Mag ek vir alle personeel sê "vasbyt" vir hierdie laaste pylvak. Baie dankie vir jul bydrae en geniet die welverdiende ruskans in Desember en (dele van) Januarie. Volgende jaar is dit die FIFA-wêreldbeker met sy eie uitdagings en opwindende geleenthede...

**Groete,
Theuns Eloff**

Kom neem saam voorraad op

Hier teen November pak die einde-van-die-jaar-nostalgie 'n mens en dring jou tot voorraadopname. Jy kyk onwillekeurig terug na wat jy gedurende die jaar bereik het, na dit wat iewers langs die pad



uitgerafel of agtergebly het, en na wat volgende jaar gedoen moet word.

Die jaar 2009 was weereens 'n goeie jaar vir die NWU. Ons het byvoorbeeld vir die derde agtereenvolgende jaar PricewaterhouseCoopers se kompetisie vir korporatiewe bestuur in die hoër onderwys gewen.

Die Institusionele Oudit deur die Hoër-onderwyskwaliteitskomitee (HOKK) het ook glad verloop, met goeie voorlopige mondelinge terugvoer van die paneel. Ons sal ons lesers op hoogte hou van die amptelike skriftelike verslag wat die NWU gaan kry.

Die Eish! het gedurende die jaar steeds doelgerig daarop gefokus om 'n nuusblad vir alle personeel dwarsoor die NWU se besigheidseenhede te wees.

Ons kry ook al hoe meer lesersdeelname. Dit is lekker om in die Ekstra myl-artikel op p16 te sien dat die getal mense wat kollegas genomineer het vir hul goeie werk, aansienlik toegeneem het.

Ons geniet dit ook om saam met die Eish! iets ekstra te versprei. Soos byvoorbeeld die

korporatiewe profiel of die oopvoubiljet oor die handelsmerk vroeër vanjaar. Of soos met hierdie uitgawe 'n handige pasella, spesiaal vir ons lesers.

Van volgende jaar af gaan Eish! ook meer dikwels verskyn – ons mik vir sewe Eise per jaar. Dit sal varser nuus en meer dikwelse kontak met ons lesers meebring.

Onthou, julle kommentaar en voorstelle ter verbetering van Eish! is altyd baie welkom. Stuur gerus julle menings en idees na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za.

Nou ja, skielik is dit voor die deur: die laaste werksdag van 2009.

Die Eish!-span wens al ons lesers 'n geseënde feesseisoen toe. Mag almal ná die vakansie veilig en met nuwe ywer terugkeer.

Sáám sal ons dan voortbou op wat ons gedurende 2009 bereik het, die drade optel van dit wat iewers in die oujaar uitgerafel of agtergebly het, en korte mette maak met die uitdagings van 2010.

**Vriendelike groete,
Nelia Engelbrecht**

Kanselier en Visekanselier tydens vorstelike geleentheid ingehuldig



Die Voorsitter van die NWU-Raad, mnr Peet van der Walt, (links) en prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur van die NWU (regs) saam met Kgosi Molotlegi.

Vervolg van bladsy 1

Daarby moet die Universiteit toegewyd wees aan voortreflikheid wat betref studente, navorsing, sy posisie as intellektuele baken, en ekonomiese groei.

Kgosi Molotlegi het onderneem om al hierdie waardes uit te leef en te bevorder tydens sy termyn as Kanselier. "Ek is dankbaar vir die eer om die Universiteit te dien en om te help om die groot potensiaal van dié instelling te realiseer," het hy gesê.

Ook dr Theuns Eloff het hom daartoe verbind om met toegewydheid en energie te help sodat die NWU sy doelwitte kan behaal.

In sy toespraak het hy teruggekyk na die verlede, na binne gekyk na die hede en vorentoe gekyk na die toekoms.

Hy het gesê dit was 'n groot uitdaging om instellings wat so verskillend was, te verenig. Een van die faktore wat gehelp het om dit reg te kry, was 'n houding van 'ons-kan-dit-doen'. Daarby het die NWU ook gesorg dat die kernbesigheid van die Universiteit aan die een kant stabiel bly, terwyl volhoubare transformasie aan die ander kant geïnisieer is. Verder het 'n funksionele,

pragmatiese benadering tot bestuur ook tot die NWU se sukses bygedra.

Nou sterker as tevore

"In die onwaarskynlike geval dat die Minsiter van Hoër Onderwys en Opleiding sê ons kan die samesmelting ontbind as ons wil, sal nie die Raad of een van die kampusse dié aanbod aanvaar nie," het dr Eloff gesê. Hy glo almal het by die samesmelting gebaat en is nou sterker en beter as tevore.

Hy het erken dat die NWU dalk nie altyd die polities korrekste universiteit is nie. "Verskeie aspekte van ons sukses is behaal deur juis téén die konvensionele wysheid in hoër onderwys op te tree," het hy gesê.

So het die NWU sy gedesentraliseerde bestuursmodel van 'n Institusionele Kantoor en drie kampusse gebaseer op goeie besigheidsbeginsels. Die Universiteit het ook sy bestuurstyl van meting aan standarde, en die gebruik van prestasie-ooreenkomste en finansiële aanmoediging geskoei op die beste praktyk in die openbare en private sektore.

"Ons vra nie verskoning vir hierdie benadering

nie. Ons is anders en sal waarskynlik altyd anders wees. Maar ons is ook in ooreenstemming met die grondwet, ons is suksesvol en ons lewer 'n bydrae tot die land. Daarvoor behoort ons aanvaar en gerespekteer te word."

Pak die uitdagings

Van die uitdagings wat wag, is om toegang vir almal wat akademies kwalifiseer, te verseker, om die kwaliteit en kwantiteit van navorsing te verbeter, en om voort te gaan om die NWU se kundigheid so te implementeer dat dit op ontwikkeling eerder as bloot gemeenskapsbetrokkenheid fokus.

Net soos Kgosi Molotlegi, is dit vir dr Eloff ook baie belangrik dat die NWU aan sy waardes getrou moet bly. Terwyl die land in baie opsigte polarisasie beleef - veral wat ras betref - moet die NWU 'n lig van ware diversiteit en versoening bly.

"Ons kán dit doen, omdat ons dit vir die afgelope vyf jaar reeds doen," het hy gesê.

Dr Eloff en Kgosi Molotlegi se termyn verstryk in 2014. As Kanselier is Kgosi Molotlegi die titulêre hoof van die Universiteit en ken hy alle grade toe in die naam van die Universiteit.

Dié hande bly steeds aan die ploeg

Wanneer 'n mens kyk na wat prof Annette Combrink en prof Piet Prinsloo alles ná hul uittrede as rektore gaan doen, stem dit ooreen met die wêreldneiging dat ouer mense steeds die hand aan die ploeg slaan.

Prof Annette en prof Piet tree albei aan die einde van 2009 uit. Prof Piet as Rektor van die Vaaldriehoekampus en prof Annette as Rektor van die Potchefstroomampus.

Gelukkig vir die NWU beplan hulle albei om hul jarelange kundigheid steeds tot voordeel van die Universiteit in te span.

Soos in 'n vorige uitgawe van Eish! berig, gaan Prof Piet volgende jaar 'n gemeenskapsontwikkelingsnetwerk vir die Vaaldriehoekampus en die streek daarstel. Sy betrokkenheid sal die implementering van die NWU se kundigheid, vaardighedsopleiding en korporatiewe bevordering en borgskappe behels.

Prof Annette sal vanaf 2010 verantwoordelik wees vir die konseptualisering en vestiging van 'n internasionale kantoor, asook vir hoëvlakfondswerwing en ad hoc projekte. (Lees meer hieroor op bladsy 10 en 11.)

Maar dis nie net prof Annette en prof Piet wat ná hul uittrede aanhou werk nie. Dit lyk of dit 'n wêreldwye tendens is dat mense later aftree, of ná hul aftrede weer toetree tot die arbeidsmark.

Volgens AARP (die *American Association of Retired Persons*) was een uit elke 10 ouer mense deel van die arbeidsmag in 1985. Vandag is dit een uit elke ses. Een van die redes daarvoor is dat die aard van werk grotendeels verander het. Vandag is daar minder werke wat spierkrag vereis, en meer wat sosiale en kognitiewe vaardighede verg.

Nog 'n rede is dat mense vandag baie langer leef as voorheen. In 1950 was daar wêreldwyd ongeveer 200 miljoen mense van 60 jaar en ouer. Vandag is daar 580 miljoen en teen 2025 sal daar na verwagting 1,2 miljard wees.

Hulle tree af

- 14 NWU-kollegas het gedurende 2009 afgetree. Twee van hulle was akademici, terwyl die ander ondersteuningspersoneel was.
- 31 kollegas tree die einde van die jaar (November en Desember) by die NWU af. Hiervan is nege akademici, en die res ondersteuningspersoneel.



Letterlik én figuurlik een van die hoogtepunte in prof Annette Combrink se loopbaan was toe sy in 2005 saam met ander NWU-kollegas Uhuru, die hoogste piek van Kilimanjaro, die hoogste vrystaande berg in Afrika, bereik het.



Prof Piet Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoekampus, ondergaan 'n MIV-toets. Daarmee het hy sy kollegas en studente geïnspireer om ook aan die Know Your Status, Each One Reach Five-veldtog deel te neem.

Vlakke van berekenings-behoefte:

Persoonlike werkstasie:

- Die navorser is alleen in beheer van sy werkstasie wat deur sy/haar departement of ander bronne befonds word. Dit is geskik vir elementêre berekenings.

Departementele berekeningskluster:

- Dit word ontwikkel wanneer 'n navorsingsprojek meer as net 'n werkstasie benodig. Duurder en meer gesofistikeerde toerusting en sagteware word gebruik. ('n Kluster is 'n groep rekenaars wat met mekaar verbind is en só nou met mekaar saamwerk dat hulle in talle opsigte 'n enkele rekenaar vorm.)

Institusionele Hoëprestasie-rekenaarverwerkingsfasiliteit:

- Die NWU-fasiliteit funksioneer op dié vlak.

Nasionale Netwerk vir Hoëprestasierekenaars:

- Projekte wat meer verwerking vereis as wat die institusionele fasiliteit kan verskaf, vloei oor na hierdie vlak.

Mnr Derek Hanekom, Adjunkminister van Wetenskap en Tegnologie (links) het die muurplaat van die Hoëprestasie-rekenaarverwerkingsfasiliteit onthul. In sy toespraak het hy die NWU geluk gewens met die wyse waarop die Universiteit hom toerus om sy navorsing te ondersteun en uit te bou. By hom is dr Theuns Eloff, Visekanselier.



Navorsers gebruik superslim rekenaar

Mnr Derek Hanekom, Adjunkminister van Wetenskap en Tegnologie, het die muurplaat van die NWU se Hoëprestasie-rekenaarverwerkingsfasiliteit (Engels: "High Performance Computing Facility" of HPCF) op 26 Oktober 2009 by die Institusionele Kantoor in Potchefstroom onthul.

Danksy dié fasiliteit het die NWU se navorsers toegang tot 'n superrekenaar waarmee hulle ingewikkelde en kragtige berekenings kan doen en groot hoeveelhede data kan ontleed.

Dié hoëprestasierekenaar is een van die vinnigstes in Suid-Afrika. Dit bestaan uit 'n kluster van rekenaars of nodes. Daar is tans 41 nodes en elke node het 10 gigagrepe geheue en agt verwerkers (sentrale verwerkingseenhede) per node, gekoppel aan sewe teragrepe hardeskyfspasie. Die totale verwerkingskrag van die fasiliteit is tans 4,2 teraflops. (4,2 x 10¹² bewerkings per sekonde). Tot dusver het NWU-navorsers al meer as 20 000 take suksesvol hiermee afgehandel.

Adjunkminister Hanekom het tydens die onthulling daarop gewys dat die vermoë om

kragtige berekenings te kan maak deesdae onontbeerlik is vir navorsing op talle terreine in Suid-Afrika. Daarsonder kan Suid-Afrikaanse navorsers ook nie internasionaal meeding nie.

Die NWU se Institusionele Departement van Inligtingstegnologie, onder leiding van mnr Attie Juyn, het dié fasiliteit saam met prominente NWU-navorsers ontwikkel. Die Fasiliteit is sedert Januarie 2009 in bedryf en funksioneer vanaf twee verskillende plekke op die Potchefstroomkampus.

Deel van ander netwerke

Behalwe dat dit in die NWU-navorsers se groeiende behoefte aan kragtige berekeningsvermoëns voorsien, maak dit hulle ook deel van nasionale én internasionale netwerke.

Op nasionale vlak is die NWU byvoorbeeld deel van die Suid-Afrikaanse Netwerk, bekend as SA-Grid. Die Universiteit is ook saam met ander leidende nasionale fasiliteite deel van die Gesamentlike Navorsingseenheid wat die bestuur van die Suid-Afrikaanse Netwerk behartig.

Omdat die Sentrum sedert Mei 2009 met die internasionale netwerk verbind is, kan NWU-navorsers ook in virtuele groepe saam met navorsers in ander dele van die wêreld aan dieselfde projekte werk en inligting uitruil.

Agt navorsers of navorsingsgroepe in verskillende departemente in die Skole vir Chemie, Fisika, Meganiese Ingenieurswese en Tale op die Potchefstroomkampus maak tans van die Hoëprestasie-rekenaarverwerkingsfasiliteit gebruik.

Die gebruik van die fasiliteit is egter nie tot die Potchefstroomkampus beperk nie.

"Ons het die fasiliteit se muurplaat doelbewus by die Institusionele Kantoor onthul.

Daarmee sê ons dat die sentrum vir ál ons navorsers bedoel is, al is dit fisies op die Potchefstroomkampus geleë," het dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, tydens die onthulling gesê.

Institusionele Inligtingstegnologie is verantwoordelik vir die bedryf van die fasiliteit, en bestuur dit in samewerking met navorsingsbestuurders.

Topnavorsers vereer

Prof Ian Rothmann, voorheen van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus, het vir die tweede agtereenvolgende jaar die NWU se navorsings-toekenning verower.

Verlede jaar het hy die 2007-toekenning vir Senior Navorsers van die Jaar gekry. Vanjaar is hy as die Mees Produktiewe Senior Navorsers vir 2008 aangewys. Hy is sedert 2009 by die Vaaldriehoekkampus.

Prof Werner Scholtz van die Fakulteit Regte, ook op die Potchefstroomkampus, is aangewys as die Mees Produktiewe Junior Navorsers vir 2008.

Die Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing op die Potchefstroomkampus is die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit vir 2008. Prof Francois Viljoen is die Direkteur van dié eenheid.

Die NWU het verlede jaar begin om hierdie toekennings te maak as deel van sy strategie om navorsing te bevorder. Die toekennings word gebaseer op uitstaande navorsingsprestasie tydens die vorige jaar.



Die Universiteit het sy navorsers tydens 'n glansgeleentheid op 6 November 2009 in Potchefstroom vereer. Prof Robbie Robinson (links) van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus het sy kollega, prof Werner Scholtz, se toekenning vir die Mees Produktiewe Junior Navorsers van die Jaar namens hom in ontvangs geneem. In die middel is prof Francois Viljoen, Direkteur van die Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing, wat aangewys is as die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit van die Jaar, en prof Ian Rothmann (regs), wat die toekenning vir Mees Produktiewe Senior Navorsers van die Jaar ontvang het.

Hulle is meesters op hul gebied

Prof Herman Strydom en Mark Peterson, twee studieleiers op die Potchefstroomkampus, kan met reg trots wees op twee van hul studente wat as die beste meestersgraadstudente aan die NWU aangewys is.

Een van prof Strydom se studente, mnr Johan Du P Steytler, is die algehele wenner van die ABSA-bronsmedalje. Dié medalje word jaarliks toegeken aan die beste meestersgraadstudente in Sosiale en Geesteswetenskappe. Prof Strydom en mnr Steytler is van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe in die fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Een van prof Mark Peterson se studente, me Charlotte Senosi, is die algehele wenner van die S₂A₃-bronsmedalje. Die S₂A₃-bronsmedaljes word jaarliks toegeken aan die uitblinkers in

Ingenieurswese, Wetenskap en Tegnologie. Prof Peterson en me Senosi is van die Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Me Senosi se verhandeling, "Discrete dynamics of bank credit and capital and their cyclicity" bespreek wiskundige modelle vir bankitems wat 'n belangrike rol speel in die huidige globale finansiële krisis.

Die kampuswenners van die ABSA-bronsmedaljes is die volgende:

- Potchefstroomkampus: Me Moira Fourie (Studieleier: Prof Gerrit Pienaar, Fakulteit Regte)
- Vaaldriehoekkampus: Me Kotie van Wyk (Studieleier: Dr Werner Nell – Fakulteit Geesteswetenskappe)

Die kampuswenners van die S₂A₃-bronsmedaljes is:

- Mafikengkampus: Me Basetsana Ntsime (Studieleier: Prof Masood Khalique, Fakulteit Natuurwetenskappe)
- Potchefstroomkampus: Mnr Ivor Clifford (Studieleier: Dr Onno Ubbink, Fakulteit Ingenieurswese)
- Vaaldriehoekkampus: Mnr Ruan Rossouw (Studieleier: Prof Phillip Pretorius, Fakulteit Natuurwetenskappe)

"Dié pryse is deel van die NWU se strategie om nagraadse studies aan te moedig en die poel navorsingsvaardighede te vergroot," sê prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning.



Die algehele wenner van die S₂A₃-bronsmedalje, me Charlotte Senosi, se navorsing het gelei tot ses vaktyskrifartikels en boekhoofstukke wat deur internasionale eweknieë geëvalueer is. Haar studieleier is prof Mark Peterson (links).



Mnr Johan Du P Steytler, algehele wenner van die ABSA-bronsmedalje, se ondersoek het oor mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat kinderjare gehandel. Sy studieleier is prof Herman Strydom (links).

Kommunikasiekenner gee klas op Mafikeng

Dr Johann de Jager, 'n kommunikasiekenner van formaat, is sedert Junie 2009 as Senior Lektor by Kommunikasie-studies op die Mafikengkampus betrokke.

Hy het aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer en was ook Departementshoof van Kommunikasie-studies aan dié instelling. In 1984 het hy die akademie verruil vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Sedert 1988 was hy in diens van Volkskas Bank en met die totstandkoming van Absa in 1991 en 1992 is hy daarheen gesekondeer om dié nuwe instelling se korporatiewe identiteit te bestuur. In 1998

was hy deel van die projekspan wat die Absa- logo - soos ons dit vandag ken - ontwikkel en geïmplimenteer het.

Ná sy aftrede in 2008 het hy op 62-jarige ouderdom 'n hoonersgraad in Vertaalwerk en Tolking aan die Universiteit van Johannesburg behaal. Nadat hy aanvanklik as deeltydse dosent by die NWU betrokke geraak het, is hy vanjaar gekontrakteer om vir 30 maande op die Mafikengkampus klas te gee.

Dr Johann de Jager, dosent in Kommunikasie-studies, sê die studente op die Mafikengkampus is goedgemanierd, vriendelik en baie talentvol.



Besigheidskool praat oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid



Me Nthibane Pinky Mokoto, Uitvoerende Burgemeester van die Ngaka Modiri Molema Distrikraad (links) en me Maria Mopelong, Seniorbestuurder: Institusionele Bevordering, NWU, het die seminar oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid bygewoon. Me Mopelong het oor haar ondervinding van die befondsing van universiteite gepraat.

Die Noordwes-provinsie is een van die drie armste provinsies in die land en benodig dringend sosiale en ekonomiese ingryping.

Hierdie feite het aan die lig gekom tydens 'n seminar oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid wat deur die NWU se Voorgraadse Skool vir Besigheid en Leierskap in die Fakulteit Handel en Administrasie aan die Mafikengkampus gereël is.

Die seminar is by die Hotelskool in Mafikeng gehou, in samewerking met die Noordwes Parkeraad en die *A Re Ageng* Sosiale-dialogoforum.

Van die belanghebbendes wat die seminar bygewoon het, was me Nthibane Pinky Mokoto, the Uitvoerende Burgemeester van die Ngaka Modiri Molema Distrikraad en me Desiree Tlhoale van die Kantoor van die Premier van die Noordwes-provinsie.

Dr David Akinnusi van die Voorgraadse Skool het oor "Opvoeding vir môre" en oor dit wat die Voorgraadse Skool sakeleiers kan bied om hul leierskapvaardighede te verbeter, gepraat.

LLB-studente het meer praktiese ondervinding nodig

LLB-studente het meer praktiese ondervinding nodig. Dit is die opinie van sommige van die dosente, studente en regslui wat 'n jaarlikse Regskonferensie in Oktober 2009 op die Mafikengkampus bygewoon het.

Die onderwerp van die konferensie was: Oorsig oor die regs-kurrikulum van Suid-Afrikaanse instellings: Op pad na die bereiking van 'n bemagtigde LLB-graad.

Konferensiegangers het tydens die konferensie geargumenteer dat die vierjaar-LLB-graad graduandi nie behoorlik toerus met die vaardighede wat hulle nodig het

nie. Gasspreker, mnr Abe Mathebula van die nieregteringsorganisasie, Legal Education and Development en die regs-firma Uys Mathebula Prokureurs, het voorgestel dat studente tydens hul finale jaar praktiese werk by regs-firmas doen.

Prof Melvin Mba, Dekaan van die Fakulteit Regte, het gesê verandering moet reeds op skoolvlak begin. "Die skoolstelsel help nie die universiteite nie, want ons kry soms studente wat nie genoegsaam voorberei is vir tersiêre studies nie," het hy gesê.

Prof Melvin Mba, Dekaan van die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus.



Kampus blaas 140 kersies dood

Die kersies op die koek is op 16 Oktober 2009 figuurlik doodgeblaas met die amptelike viering van die Potchefstroomkampus se 140-jarige bestaan.

Verskeie gaste, insluitende die eerstejaars van vyftig jaar gelede, die Studenteraad van 1969, die beeldhouer, mnr Jo Roos, en nasate van Totius het die geleentheid bygewoon.

Die hoogtepunt van die middag was die onthulling van die beeld van Totius wat onlangs na die Kampus verskuif is, asook die onthulling van die gedenksuile met meer as 1 200 studenteleiers se name.

Tydens 'n skemerkelgeleentheid het die verteenwoordiger van die Tlokwe-stadsraad, me Ina Stoltz, 'n oorkonde namens die stadsraad aan die Rektor, prof Annette Combrink, oorhandig om die Kampus geluk te wens met sy 140-jarige bestaan.

Die oorspronklike beeldhouer van die Totius-beeld, mnr Jo Roos (heel regs), saam met die Rektor, prof Annette Combrink, en die kleinseun van Totius, mnr Dirk du Toit (heel links) by die standbeeld voor die hoofgebou.



Anne se moeties is 'n wenreseps

Me Anne Grobler van die Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus is as die naaswenner aangewys vir haar sakeplan oor die kommersialisering van Pheroid™ vir die gebruik in plante.

Me Anne Grobler was 'n naaswenner met haar besigheidsplan vir Anngro in 'n innovasie-kompetisie.

Me Grobler het 'n stewige prysgeld gewen in dié kompetisie van die Innovasiefonds en die Emory Universiteit van Atlanta in die VSA.

Sy het ses jaar gelede op baie klein skaal begin om die Pheroid-tegnologie op plante toe te pas. Die produk wat sy ontwikkel het, het eers onder die mense as "Anne se moeties" bekend gestaan. Vandag is dit as Anngro geregistreer.

Sy sê plante word behandel met 'n klomp bymiddels vir verbeterde groei, en sy het met dié tegnologie 'n beter afleweringmiddel vir die bymiddels ontwikkel.

Kellner se kennis laat hom internasionale komitee lei

Prof Klaus Kellner van die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling in die Fakulteit Natuurwetenskappe se kennis van landdegradasie en verwoestyning het daartoe gelei dat hy aangestel is as Voorsitter van 'n internasionale komitee.

Prof Kellner is tydens die konferensie van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die Bekamping van Verwoestyning (Engels: *United Nations Convention to Combat Desertification of UNCCD*) wat vanaf 21 September tot 2 Oktober 2009 in Buenos Aires gehou is, as voorsitter van die Komitee vir Wetenskap en Tegnologie aangewys. Hy sal dié amp vir die volgende twee jaar beklee.

Hy sê sy doel as voorsitter van die Komitee is om die wetenskap van landdegenerasie en verwoestyning te bevorder en dit onder die besluitnemers van die wêreld se aandag te bring.

Die UNCCD word deur 193 lande in die wêreld verteenwoordig wat die Verenigde Nasies se Konvensie vir die bekamping van verwoestyning onderteken het.

Prof Klaus Kellner as Voorsitter van die Komitee vir Wetenskap en Tegnologie van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die Bekamping van Verwoestyning.



Geluk die fokus van unieke studie



'n Navorsingspan op Swakopmund het 'n navorsingsprojek oor geluk begin beplan. Lede van die huidige span is agter van links mnr Siegfried Lange van die Universiteit van Namibië (Unam), prof Marius Stander, NWU, mnr Llewellyn van Zyl, NWU, en sameroeper en projekteier, prof Ian Rothmann, ook van die NWU. Voor van links is prof Joey Buitendach, Unam, me Martina Perstling, Unam, me Candice Baumann, Unam, dr Lené Jorgensen, NWU en me Charmaine Kasuto van Unam.

Prof Marius Stander en mnr Llewellyn van Zyl van die Skool vir Gedragwetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus is tans saam met 'n interuniversitêre span navorsers besig met 'n diepgaande studie oor geluk en die kwaliteit van lewe.

Die studie het ontstaan uit navorsing wat vroeër gedoen is oor uitbranding, wat die negatiewe kant van geluk is.

Die span wil indekse van geluk en kwaliteit van lewe ontwikkel. Besluitnemers in regeringsliggame en ander organisasies sal dit kan gebruik om die kwaliteit van lewe en ekonomiese ontwikkeling in Suider-Afrika te bevorder.

Hierdie unieke studie sal 'n groot bydrae lewer tot mense se gesondheid, verhoudinge, motivering en produktiwiteit.

Kampus vier voltooiing van bouprojekte



Mnr Bertie Visser, Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite, onthul die muurplaat van die nuwe krieketklubhuis.

Die gemeenskap van die Vaaldriehoekkampus het onlangs 'n glasië geklink op die voltooiing van verskeie bouprojekte op die kampus en ook buite die kampus.

Die voltooide projekte sluit 'n nuwe akademiese gebou, Gebou 12, drie nuwe, ten volle outomatiese kragopwekkers en 'n nuwe krieketklubhuis in. Die koshuis buite die kampus, Faranani, is ook opgeknep.

Volgens mnr Bertie Visser, Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite, is hierdie projekte 'n groot stap in die proses om die huidige infrastruktuur op die Kampus te ontwikkel.

Twee muurplate is tydens 'n spesiale seremonie onthul - een by die nuwe akademiese gebou en die ander een by die krieketklubhuis.

Kampus borg gesogte sportkompetisie

Die Vaaldriehoekkampus is vanjaar die hoofborg van die gesogte Vaalweekblad Sportster van die Jaar Kompetisie. Die room van die Vaaldriehoek se jong sportmanne en -vroue sal op 4 Desember meeding om die titel as 2009 se Sportman of -vrou van die Jaar.

Die geleentheid sal by die Quest Conference Estate gehou word. Behalwe kontantpryse is daar ook verskeie sportbeurse vir die nuwe Diploma in Sportwetenskap op die spel.

Volgens mnr Sean McCallaghan, Sportbestuurder van die Kampus, bevestig die borgskap die Kampus se verbintenis tot die ontwikkeling van sport en jong sportlui in die Vaaldriehoek.

Die Diploma in Sportwetenskap sal vanaf 2010 by die kampus aangebied word as deel van die kurrikula van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe.



Die Vaaldriehoekkampus is reeds 'n gevestigde sportvennoot in die Vaaldriehoek en borg vanjaar die gesogte Vaalweekblad Sportster van die Jaar Kompetisie.

Sy's 'n vrou wat haar

Prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus, tree die einde van die jaar af nadat sy die afgelope 39 jaar deel van die universiteitsgemeenskap was. Vir die grootste deel hiervan was sy verbonde aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en sedert die totstandkoming van die NWU was sy Rektor van die Potchefstroomkampus. Eish! het saam met haar teruggestap op haar spore.

Destyds, toe Jan Celliers in sy gedig *Trou* geskryf het: "Ek hou van 'n man wat sy man kan staan ..." het hy heel duidelik nog nie van prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus gehoor nie.

Laat staan 'n mens nou Celliers se bulkalwers vir 'n wyle en ploeg jy eerder met sy verskalwers, kan 'n mens tereg sê: Prof Annette is 'n vrou wat haar vrou kan staan.

Met haar aftrede voor die deur, vertel sy van die verrassings, die uitdagings en die besondere mense wat sy langs die pad raakgehoop het. Ook van haar verdere betrokkenheid by die NWU ná haar aftrede.

Daar was groot lekkertes

Prof Annette was 12 jaar lank Departementshoof van Engels, twee jaar Direkteur van die Skool vir Tale en Kunste en die drie en 'n half jaar Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die voormalige PU vir CHO. Gedurende dié tydperk, asook die vyf (en een-derde!) jaar as Rektor van die NWU se Potchefstroomkampus was dit vir haar nog altyd die heel lekkerste om met mense te werk.

"Die personeel se ongelooflike talent en toegewydheid bevestig dat ons fantastiese mense hier het. Daarby het die studente se ondernemingsgees en oorspronklikheid my keer op keer verras," sê sy.

Dit is te danke aan 'n onlangse blink idee van die manskoshuis, Thaba Jah, dat daar vandag 'n ster in die hemelruim pryk wat na prof Annette vernoem is. Die ster Annette L Combrink kom voor in die Virgo-konstellasie. As bewys van registrasie het sy 'n pakkie dokumentasie ontvang met onder meer aanwysings van waar presies die ster geleë is.

Dikwels het studente se oorspronklike idees ook met 'n goeie skoot katterkwaad gepaard gegaan. Prof Annette skud haar kop en vertel met 'n glimlag van hoe die studente beeldhouer Angus Taylor se standbeeld gevef het, en hoe die dameskoshuis, Wanda, se inwoners die hout kameelperd van die Joon van Rooy-gebou se daktuin af ontvoer het.

Oortreders het gereeld op die rooi tapyt voor haar beland. Een van die grootste bogstories wat studente haar nog vertel het, sê sy, was: "My cat was having kittens and I had to help."

Prof Annette is egter self nie so heeltemal onskuldig nie: minstens een keer per jaar, op 1 April, het sy self 'n kluitjie gebak. Een jaar, onthou sy, was personeel baie ontstoke toe sy laat weet

het dat hulle voortaan R2 toegangsgeld moes betaal by die kampushekke, kastig om geld in te samel om 'n pakeergarage te kan bou. By 'n volgende geleentheid sou mense deur middel van duimafdrukke moes bevestig hulle is op kantoor. Boonop het sy gesê die akademici moet in die middag wag totdat die ondersteuningspersoneel by die hekke uit is, voor hulle die Kampus mag verlaat.

"Van die personelede was so kwaad, hulle het *career limiting statements* gemaak," lag sy. "Ander het gedink dit was 'n uitstekende idee om die parkeerprobleme hok te slaan. Hulle het voorgestel dat die toegangsfooie sommer na R3 verhoog moet word."

Daar was ook uitdagings

Van die grootste uitdagings in prof Annette se loopbaan was die skep van fokusareas en skole op die Kampus. "Voor 1988 en 1989 was daar net departemente en het die departementshoofde

direk aan die dekane gerapporteer," vertel sy.

Nog 'n uitdaging was die samesmelting van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die voormalige Universiteit van Noordwes, en die inkorporering van die studente en personeel van die Sebokengkampus van die destydse Vista-universiteit in 2004.

"Ek was deel van die samesmeltingtaakspan en het besef dat dit van almal 'n fundamentele denkskuif sou verg."

Daar is 'n nalatenskap

Prof Annette het 'n ryk erfenis aan die NWU gelaat. Sy het byvoorbeeld gehelp dat die



man (en vrou) kan staan

Universiteit nader beweeg het aan sy strategiese doelwit om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word. Dit het sy gedoen deur onder meer 'n groot rol te speel in die daarstel van 'n nuwe model vir navorsingsentiteite.

Self 'n liefhebber van die kunste, het prof Annette verskeie projekte geloods om die kunste 'n hupstoot te gee. So het sy byvoorbeeld toegesien dat die hoofgalery gevestig word, en daarna 'n sekondêre kunstgalery in die Botaniese Tuine. Onder haar leiding is 'n skrywerstuin gevestig waar skrywers soos TT Cloete, Sol Plaatje en Herman Charles Bosman gedenk word. Die

hervestiging van Totius se beeld op die Kampus is deel van hierdie groter projek.

Sy het ook gesorg dat die amfiteater uiteindelik met 'n hoed op sy kop kan spog. Daarby het sy haar bewyter dat sport- en kultuurstrukture op die Kampus deeglik gevestig en uitgebou word. Sy is trots daarop om gereken te word as 'n lewenslange erelid van die Rugby-Instituut. Tydens haar termyn as Rektor het die Potchefstroomkampus nie een Intervarsity verloor nie!

Daar is ook 'n toekoms

"Ek sal graag wou sien dat die NWU in die toekoms as een van die topuniversiteite in Suid-Afrika gereken word," sê sy. "Verder is my wens dat die NWU 'n voorkeuruniversiteit vir studente sal wees."

Ná haar aftrede as Rektor sal prof Annette verantwoordelik wees vir die konseptualisering en vestiging van 'n internasionale kantoor, asook vir hoëvlak-fondswerwing en ad hoc projekte.

Die talle kontakte wat sy deur die jare nasionaal én internasionaal opgebou het, sal handig te pas kom, veral wat skakeling met oorsese universiteite en ander instansies betref.

"Ons wil die NWU se profiel uitbou en bande met ander instellings smee tot voordeel van ons personeel en studente," sê sy.

Sy sien haar nuwe werk as 'n heerlike uitdaging. "Uitreiking na buite en veral na internasionale rolspelers is 'n noodsaaklikheid, nie 'n luukse nie. Ons woon immers in 'n *global village* en moet soos inwoners daarvan optree."

As 'n mens so luister na prof Annette se planne vir die volgende paar jaar, is dit duidelik: tyd vir stoepsit gaan daar nie wees nie. Dalk ook nie eers vir haar passies, lees en tuinmaak nie ...



Wat is u gunstelingdis? Enigiets wat uit die see kom. Ek het selfs al rou seekat in Korea geëet.

Wat is u gunstelingboek? Hamlet. Shakespeare se lewensfilosofie en die onverbeterlike manier waarop hy dit in woorde verpak, voer my mee.

Wat of wie maak u gelukkig? My kinders en kleinkinders.

Van watter eienskappe in mense hou u baie? 'n Sin vir humor - 'n mens moenie jousef en ander té ernstig opneem nie. Ek hou ook van mense wat vlug van begrip is en met woorde kan speel.

Met watter beroemde persoon sal u graag 'n gesprek wou voer en waarom? Ek sou graag vir Shakespeare wou vra of hy regtig die edelman, Edward de Vere van Stratford-on-Avon was ...

Wat is u gunsteling vakansieplek? Loshande die Wildtuin. Dit gaan vir my om die wegkomkans en die lekker saamkuier van vriende en familie.

Wat doen u vir ontspanning? Ek lees net wat voorkom. Tuinmaak is ook vir my terapie.

Wie is die lede van u gesin? Ek het 'n seun in Johannesburg en twee dogters wat albei op die Potchefstroomkampus werk. Twee van my stiefdogters woon ook in Potchefstroom en die een werk ook op die Kampus. My twee stiefseuns woon in Johannesburg en 'n ander stiefdogter en haar gesin is in Australië. My man is ongelukkig 'n invalide en word in 'n sentrum versorg. Wat lekker is van so 'n groot familie, is die string kleinkinders wat ek baie geniet.

Meerderheid baat by industriëleteater-vertonings

Sowat 70% van die NWU-personeellede wat in Augustus 2009 die industriëleteater-vertonings op die verskillende kampusse bygewoon het, het aangedui dat die produksie hulle meer bewus gemaak het van diversiteitsake by die NWU.

Dié 12 vertonings met Tina Turner-, Stevie Wonder- en Mozart-dubbelgangers, het voortgebou op die resultate van die diversiteitswerkwinkels wat verlede jaar op die kampusse aangebied is.

Vraelyste is by al die vertonings uitgedeel om inligting in te samel wat kan help om die sosialekohesie-projek aan die NWU verder te bestuur.

Terwyl die institusionele kohesie-oudit van 2008 meer gefokus het op studente se sienings oor kohesie en rasseverhoudinge, het hierdie vraelyste op die personeel se sienings gefokus.

In reaksie op een van die insiggewendste vrae wat gevra is, moes die respondente aandui of hulle dink daar bestaan diversiteitsuitdagings by die NWU. Hulle moes ook aandui of hulle dink die uitdagings bestaan as gevolg van ander se optrede, of hulle dink dat hulle deel van die probleem is, en of hulle wil bydra om sommige van hierdie uitdagings aan te spreek.

"Hierdie vraag, wat teoreties gegrond is, het 'n interessante perspektief gebring," sê prof Marlene Verhoef*, Institusionele Direkteur: Taaldirektoraat.

Van die personeellede van Mafikeng wat aan die vraelyste voltooi het, het 41,5% ontken dat die NWU diversiteitsuitdagings ervaar, of gesê dat dit aan ander se optrede te wyte is. Hierteenoor was die persentasie vir Potchefstroomkampus 20,2%, Vaaldriehoek 23% en die Institusionele Kantoor 18,4%.

Die grootste persentasie respondente wat erken het dat hulle deel van die probleem is, is van die Potchefstroomkampus, naamlik 8,8%. Die kleinste persentasie respondente wat erken

dat hulle deel van die probleem is, naamlik 3,1%, is van die Vaaldriehoekkampus. 6,3% van die Institusionele Kantoor en 6,1% van die Mafikeng-respondente het dieselfde erken.

Die groep waarvan die meeste aangedui het dat hulle hul daartoe verbind om diversiteit aan die NWU te bestuur, is dié van die Institusionele Kantoor (68,5%). Van die Vaaldriehoekgroep het 65% so aangedui, van die Potchefstroomgroep 61,7% en van die Mafikenggroep 42,7%.

Volgens prof Verhoef sal die reaksies en kommentaar op die oop vrae handig te pas kom in die verdere bestuur van die sosialekohesie-projek onder NWU-personeel.

Van die reaksies was die volgende:

(M staan vir die Mafikengkampus, P/IK is die Potchefstroomkampus en Institusionele Kantoor saam, en V die Vaaldriehoekkampus. Die Potchefstroomkampus en Institusionele Kantoor se resultate is saam gegroepeer, aangesien hulle personeel dieselfde vertonings bygewoon het.)

Samewerking tussen kampusse:

M: "Ons is almal verskillend, maar ons het 'n gemeenskaplike doelwit, werk saam."

P/IK: Verander, aanvaar, beweeg aan in die toekoms."

V: "Werk saam en hou op skinder."

Diversiteitkwessies:

M: Ons diversiteit is ons krag."

P/IK: Diversiteit is nie net oor kulture en etniese groepe heen nie."

V: "Die NWU moet nog 'n ver pad stap om diversiteit aan te spreek."

Weet waar ons vandaan kom, kapitaliseer op individuele/groep-bekwaamhede:

M: "Diversiteit beteken nie ons moet ons individualiteit vergeet nie."

P/IK: "Leef in vinnige veranderde wereld, ek is nie die enigste een wat weet wat reg is nie."

V: "Aanpassing, onderskeie taal en kultuur moet egter nie verander nie."

Bestuur van verandering:

M: "Stel ons standpunt en moenie net van ander aanvaar nie."

P/IK: "Dis tyd vir verandering"

V: "Mafikeng en Potch het nog 'n ver pad"

Introspeksie:

M: Hou op kritiseer en werk na iets positiefs."

P/IK: Waar jy vandaan kom, moet jou nie so vashou nie."

V: "Dink voor jy praat."

Kwessies oor gestremdheid:

M: "Neem gestremdes op soos jy jouself opneem."

P/IK: "Onvoldoende voorsiening vir fisiese gestremdheid"

V: "Wees meer bewus van gestremdheid"

Dit blyk dat die meeste mense die vertonings waardevol gevind het. Een van die respondente het byvoorbeeld gesê dit is 'n kompliment vir die NWU dat die Universiteit leiding neem met sulke produksies.

Aan die ander kant was daar ook kritiese opmerkings as antwoorde op die vraag "Wat het u geleer?"

M: "Niks, het my tyd gemors."

P/IK: "Eindproduksie het nie na iets nuuts gedryf nie, maar na Afrika-musiek, - nee wat, onoortuigend!!"

V: "Versterking/interpretering van ou kennis."

Prof Verhoef sal nou 'n amptelike verslag saamstel wat aan die einde van November 2009 aan die Institusionele Bestuur en vroeg in 2010 aan die NWU-Raad voorgelê sal word.

* Prof Verhoef is betrokke by die projek omdat sy lid is van die NWU se Menseregtekomitee. Omdat sy verlede jaar 'n institusionele taaloudit gedoen het, is sy gevra om met hierdie opname te help.



Twee Mafikeng-kollegas, me Karen Visser, 'n dosent in Vervoer-ekonomie in die Fakulteit Handel en Administrasie en me Susan Manyane, senior sekretaresse van die Direkteur: Fasiliteite, geniet een van die industriëleteater-vertonings wat vroeër vanjaar op dié kampus gehou is.

NWU borg Joernalis van die Jaar



Dr Theuns Eloff, Visekanselier, (links) was die gasspreker tydens die Nasionale Persklub se maandelikse netwerkforum op 22 September 2009 in Centurion. By hom is mnr Yusuf Abramjee, die Voorsitter van die Persklub.

Die NWU gaan volgende jaar die Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar-kompetisie borg.

Dié vennootskap spruit voort uit 'n geleentheid in September 2009, toe dr Theuns Eloff, Visekanselier, die Persklub tydens hul maandelikse netwerkforum toegepreek het.

Die NWU sal op verskeie maniere baat by die borgskap. Die algehele wenner van die kompetisie sal byvoorbeeld bekend staan as die Nasionale Persklub - Noordwes-Universiteit Joernalis van die Jaar.

Die Universiteit sal ook seggenskap hê in die benaming van die kompetisie, sal 'n beoordelaar op die paneel kan benoem, en sal blootstelling vir sy handelsmerk kry.

Die NWU-logo en 'n nuusbroskie oor die Universiteit sal byvoorbeeld in die maandelikse nuusbrief wat na hul 300 lede toe gestuur word,

verskyn. Die NWU-banier sal op hul webwerf te sien wees en daar sal 'n skakel wees vanaf hul webwerf na dié van die NWU.

Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, sal ook die prysuitdelingsfunksie bywoon en 'n kort toespraak lewer. Dié geleentheid sal saamval met die Persklub se Nuusmaker van die Jaar-prysuitdeling, wat na verwagting wye dekking sal kry.

Die doel van die Joernalis van die Jaar-toekenning is om uitnemendheid in joernalistiek te bevorder. Daar sal drie hoofkategorieë en 10 subkategorieë wees. Die hoofkategorieë is gedrukte media, elektroniese media en kommunikasie.

Die algehele wenner sal uit die kategorieë gedrukte en elektroniese media gekies word. Behalwe joernaliste, sal fotograawe en TV-kameramense ook kan deelneem.

Ligging en waardes inspireer kunswerk

Op 18 September 2009 is 'n kunswerk wat geïnspireer is deur die NWU se ligging en waardes in die Institusionele Kantoor in Potchefstroom onthul.

Dié werk van kunstenaar Marco Cianfanelli is geskoei op die werklike geografiese data van die Noordwes-provinsie en 'n klein gedeelte van Gauteng. NWU-personeel het gehelp om dié data as deel van 'n tegnologies innoverende eksperiment te versamel.

Die 76 staalprofiel (finne) wat aan die muur vas is, verwoord die ideale van die Universiteit in teks. Die feit dat die woorde in Afrikaans, Engels en Setswana is, onderskryf die NWU se beleid van funksionele meertaligheid.

Die kunswerk vorm deel van die vestiging van die totale handelsmerk van die NWU en weerspieël die Universiteit se waardering en ondersteuning van die kunste.

Marco Cianfanelli het in 1992 aan die Universiteit van die Witwatersrand gegradeer met 'n onderskeiding in Skone Kunste.

Hy het reeds vyf solo-uitstallings agter die rug en het talle toekennings verwerf. Een hiervan was die ABSA L'Atelier. Dié toekenning het tot opleiding by die Cité des Arts in Parys gelei, en 'n genootskap van die Ampersand-stigting wat hom na New York geneem het.

Marco is betrokke by verskeie projekte wat kuns, argitektuur en openbare ruimtes behels. Hy is tans lid van die ontwerpspan vir die Vryheidspark in Pretoria. Sy werke pryk in openbare en private versamelings in Suid-Afrika, Europa en die VSA.



Die Premier van Noordwes, me Maureen Modiselle (regs), het die kunswerk in die C1-gebou saam met mnr Peet van der Walt, Voorsitter van die NWU-Raad (links) en dr Theuns Eloff, Visekanselier, en dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, onthul.

Wêreldkenner van aanvullende onderrig is beïndruk

Die NWU gebruik reeds die afgelope drie jaar 'n stelsel van aanvullende onderrig, bekend as Supplementary Instruction oftewel SI, om studente akademies te ondersteun. Ná 'n onlangse SI-week het Eish! by me Mariaan Klopper, Waarnemende Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning gaan kers opsteek oor dié stelsel.

Prof Glen Jacobs, 'n kenner van aanvullende onderrig van die Universiteit van Missouri in Kansas City, was baie beïndruk met die implementering van dié onderrigstelsel aan die NWU.

Prof Jacobs is die Uitvoerende Direkteur van die Internasionale Kantoor van die Universiteit van Missouri, wat die internasionaal eienaars van

die SI- of *Supplementary Instruction*-stelsel is. Hy en sy kollega, me Cathy Unite-Clarke, het tussen 5 en 9 Oktober 2009 drie inligtingsessies oor SI op elke NWU-kampus aangebied.

Die NWU se Institusionele Departement Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning het die sessies gereël as bemarking vir SI en in reaksie op die voorlopige, mondelinge terugvoer van

die Hoëronderwyskwaliteitskomitee wat vroeër vanjaar die NWU geaudit het.

Daarvolgens moes SI aan die NWU-personeel bekend gestel word.

Akademiese personeel, asook ondersteuningspersoneel wat met die administrasie van die stelsel te doen het, het die werkswinkels bygewoon.



Die nege inligtingsessies oor aanvullende onderrig is goed bygewoon. Hier is van links me Catherine Unite-Clarke, Gesertifiseerde Opleier: Aanvullende Onderrig, Internasionale Sentrum vir Aanvullende Onderrig, me Mariaan Klopper, Waarnemende Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie, Potchefstroomkampus, prof Glen Jacobs, Uitvoerende Direkteur: Internasionale Sentrum vir Aanvullende Onderrig en dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer en Adjunkhoof, NWU.

SI slaag op eie bodem

- SI is een van die belangrikste strategieë wat die NWU gebruik om studente akademies te ondersteun.
- Studente wat goed vaar in sekere vakke word opgelei om in klein groepe ander studente te help om hul uitslae in uitdagende vakke te verbeter.
- Studente wat SI ontvang, se prestasie verbeter met tussen 10% en 15%.
- In 2008 is aanvullende onderrig vir altesaam 350 modules oor die drie kamusse geïmplementeer.
- Altesaam 7 609 sessies is aangebied, wat ongeveer 76 000 deelnemers bereik het.

SI help wêreldwyd

- Dr Deanne Martins van die Universiteit van Missouri het SI 35 jaar gelede begin.
- Sowat 1 500 instellings dwarsoor die wêreld het reeds SI geïmplementeer om hul deurvloei- en slaagsyfers te verhoog.
- Die NWU het tans die grootste stelsel in die internasionale arena, wat die Verenigde Koninkryk, Switserland, Duitsland, Spanje en Kanada insluit.
- Al hierdie instellings deel navorsingsresultate en inligting oor die ontwikkeling van die stelsel met mekaar.
- Daar is kopiereg op die naam en materiaal van die stelsel.

Ina sorg nou vir ander se welstand

Me Ina van der Watt, Bestuurder: NWU Werknemerwelstand, het die NWU verruil vir 'n pos in Johannesburg. Voor sy weg is, het Eish! vir oulaas by haar gaan inloer. Sy het gesels oor wat die vreugdes en uitdagings van haar werk by die NWU was, wat sy sal mis, en wat sy in haar nuwe posisie gaan doen.

Sy sien uit na 'n nuwe uitdaging, sê me Ina van der Watt. Seker daarom dat spitsverkeer van Gautengse afmetings haar nie eens afgeskrik het om in Sandton te gaan werk nie.

Ná byna sewe jaar – aanvanklik by die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en daarna by die NWU – het Ina 'n pos aanvaar by *Universal Healthcare*. As hul Bestuurder: Welstandprogramme, gaan sy programme vir dié maatskappy ontwikkel.

Haar ondervinding aan die NWU kom handig te pas, aangesien sy hier van nuuts af 'n welstandsprogram vir personeel moes skep. "Dit was 'n groot uitdaging – nie net om die program te ontwikkel nie, maar ook om dit voortdurend aan te pas volgens veranderende behoeftes, sodat dit relevant kon bly."

Nog 'n uitdaging was om 'n netwerk van spesialiste op te bou. "As gevolg van ons holistiese benadering het ons met 'n wye verskeidenheid vakgebiede gewerk. Dit het onder meer bio-kinetika, psigologie, fisiologie en dieetkunde ingesluit. Op al dié terreine moes ons goeie verhouding opbou met kenners, sodat hulle byvoorbeeld as gassprekers kon optree en ons op hoogte kon hou van die jongste verwikkelinge in hul vakgebiede."

Volgens Ina was veral die fisieke metings, byvoorbeeld bloeddruk-, cholesterol-, glukose- en beendigheidstoetse baie gewild. Personeel het

ook graag van die welstandsprogram gebruik gemaak om onder meer ID's en paspoorte te kry en bestuurders- en voertuiglisensies te hernu, omdat dit hulle baie tyd en moeite gespaar het.

Op dié manier het die program die NWU baie geld gespaar. "Ons kon voorkom dat personelede in werksyd ure lank in rye moes wag." Verder het die welstandsprogram stres onder personeel verminder en die moraal verhoog, wat weer tot groter produktiwiteit gelei het.

Nie net die personeel nie, maar ook hul gades, kinders en NWU-pensioenarisse, kon aan die program deelneem. "Dit is uniek - min ander instelling se welstandsprogramme maak in so 'n mate voorsiening vir gesinslede en afgetredenes," het Ina gesê.

Sy het die volgende boodskap vir die NWU-personeel: "Maak tyd vir jouself en leef gebalanseerd. Neem sêlf verantwoordelikheid vir jou gesondheid en welstand. Benut die geleentheid wat die NWU se welstandsprogram bied deur deel te neem en dit wat jy hoor en leer in jou alledaagse lewe te implementeer."

Sy sal die mooi werksomgewing en die besondere mense van die NWU mis. "My kollegas het my vriende geword en ek kon nie vir 'n beter span vra om mee saam te werk nie – julle is die beste!"

"Ek sal altyd wonder hoe dit met die NWU se welstandsprogram en personeel gaan," het sy met 'n tikkie nostalgie bygevoeg.



Me Ina van der Watt.

Sy gaan nuwe horisonne ontdek

Nadat sy die afgelope 26 jaar deel van die Universiteitsgemeenskap was, tree me Mariki Esterhuyse, Beampte vir Belanghebbersverhoudinge, aan die einde van 2009 af. Eish! het met haar oor haar lang loopbaan en haar toekomsplanne gesels.



En van die redes waarom haar werk nog altyd vir haar lekker was, is omdat sy met so 'n goeie produk gewerk het, sê Mariki Esterhuyse. Eers was dit die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), en daarna die Noordwes-Universiteit.

Nadat sy vir 25 jaar by prokureursfirmas in Pretoria en Bothaville gewerk het, het sy in 1984 by prof Hekkie Harmse van Bodemkunde aan die voormalige PU vir CHO begin werk. Daarna was sy komiteeklerk en ook notularis van die Universiteit se Bestuurskomitee.

In 1990 het sy op versoek van prof Carools Reinecke 'n Pan-Afrika konferensie gereël met afgevaardigdes uit 93 lande. Onder die konferensiegangers was Mnr Thabo Mbeki en mnr Kenneth Kaunda, voormalige President van Zambië. Dit was een van die grootste take wat sy nog by die Universiteit aangepak het.

Me Mariki Esterhuyse tree binnekort af.

Na afloop van hierdie konferensie is sy aangestel as Skakelbeampte by die Departement Openbare Betrekkinge.

Een van die staaltjies wat sy vertel, is toe prof Carools per abuis nie ingelig is dat hy 'n toespraak by Libertas, die woning van die voormalige Suid-Afrikaanse Staatspresident, mnr FW de Klerk, moes lewer nie. "Ná 'n paar benoude oomblikke staan prof Carools op en lewer 'n uitstekende toespraak, sommer so uit die vuis. Boonop met die wonderlikste Shakespeare-aanhalinge."

Sedert die NWU in 2004 tot stand gekom het, het sy as Beampte vir Belanghebbersverhoudinge by die Institusionele Kantoor opgetree, waar sy veral vir dr Theuns Eloff, Visekanselier, hoëprofielfunksies gereël het.

Moenie dink Mariki gaan aftree in die gewone sin van die woord nie. "Ek gaan aanhou doen wat vir my lekker is - ek gaan op vryskutbasis funksies reël," sê sy.

"... en nuwe horisonne ontdek," voeg sy met 'n breë glimlag by.

Staatmakers stap die ekstra myl

In hierdie laaste uitgawe van *Eish!* vir 2009, bring ons graag weer hulde aan diégene by die NWU wat met gesdrif die tweede myl loop in die uitvoering van hul pligte.



Adri du Plessis



Tlaki Mokoena



Amanda van der Merwe



Prof Mary Grosser



Hanlie Myburgh



Christina Modise



Betsy Eister



Prof Fika Janse van Rensburg

Hulle kollegas noem hulle staatmakers en bates vir die NWU en beskryf hulle as professioneel, onmisbaar, en inspirerend. Dié besondere groep personeellede is die NWU se “ekstra-mylers”.

Een van hulle is **Adri du Plessis** by die ITB-hulplyn op die Potchefstroomkampus. Lynette Tolmay van Beskermingsdienste op dié kampus sê Adri gaan uit haar pad om probleme op te los. “Sy is regtig ’n groot staatmaker. Dankie, Adri, vir puik diens!”

Volgens Antoinette Vosloo, ’n senior rekenmeester in die Institusionele Kantoor, skroom **Tlaki Mokoena**, die sekretaresse van die Direkteur: Finansies op die Mafikengkampus beslis nie om die ekstra myl te loop nie. “Haar professionele optrede met die skedulering en reël van begrotingsvergaderings en -opleiding het die lewe vir ons almal soveel makliker gemaak. Mense soos Tlaki se bydrae tot die positiewe beeld van die Universiteit is van onskatbare waarde,” sê Antoinette.

Nog iemand wat ’n pluimpie verdien, is **Amanda van der Merwe**, Bestuurder: Institusionele Administrasie by die Institusionele Kantoor. Mpho Seshabela, ook van Institusionele Administrasie, sê wanneer ’n mens aan rekordbestuur dink, dink jy dadelik aan Amanda. Sy glo Amanda is beslis ’n groot bate vir die Universiteit, onder meer vir haar bydrae om die dokumentkamer vir die Hoëronderwyskwaliteitskomitee se oudit vroeër vanjaar in te rig, en om die NWU se lêerplan vir implementering in 2010 te finaliseer.

Amanda Smith van Akademie Administrasie op die Vaaldriehoekkampus sê **prof Mary Grosser** van Opvoedkundige Wetenskappe op dié kampus is nie net ’n kundige op haar vakgebied nie, maar ook ’n ware omgee-mens wat uit haar pad gaan om die lewe vir studente en kollegas te vergemaklik. “Al is sy hoe besig, daar word altyd tyd gemaak vir iemand in nood. Om saam met haar te werk is ’n voorreg.”

’n “Ekstra-mylers” en nuweling by die NWU, **Hanlie Myburgh** van Finansiële Administrasie: Inkomste op die Potchefstroomkampus, het baie gou die studentestelsel op dié kampus baasgeraak. “Sy is uiters vaardig met MS Excel en Oracle GL, wat haar onmisbaar maak by ons afdeling en vir die NWU as geheel. Werklik ’n juweel van ’n mens!” sê Greg Roberts, Senior Rekenmeester en Hoof van dié afdeling.

Twee personeellede by die Mafikengkampus se biblioteek wat bereid is om die ekstra myl te loop, is Christina Bitumelo Modise en Direkteur Betsy Eister.

Duduzile Boemah, ’n dosent in Toerisme op dié kampus, sê **Christina Modise** is besonder toegewyd en gaan uit haar pad om akademiese

personeel te help met interbiblioteeklenings.

Bibliotekaris Sizwe Mabena het weer groot agting vir **Betsy Eister** se besluitnemingsvermoë, mensvaardighede, integriteit en visie as Direkteur van die biblioteek. “Sy kyk na die biblioteekomgewing en die wêreld as sulks en sien raak hoe sy deur innoverende verandering die biblioteek vorentoe kan neem op die pad na voortreflikheid.”

Prof Benno Zuiddam van die Skool vir Bybelswetenskappe en Antieke Tale op die Potchefstroomkampus het groot waardering vir **prof Fika Janse van Rensburg**, Direkteur van dié skool. “Fika stel opreg belang in mense en die ontwikkeling van hul gawes en talente in diens van die Here. Hy gee kwaliteit-aandag. Hy onthou selfs my kinders se verjaarsdae en stuur altyd ’n boodskappie om geluk te sê.”

Elzaan Janse van Rensburg van Organisasieer en –Ontwikkeling by die Institusionele Kantoor beskou **Mandi Wallace** van dieselfde afdeling as ’n uitstekende kollega. “Behalwe dat Mandi meer as 100% gee vir haar werk, pak sy al haar take positief aan. Sy inspireer almal om haar.”

Monique du Plessis van Tegniese Dienste op die Potchefstroomkampus het eerstehands ervaring wat **Ingrid de Villiers** vir dié department beteken. Terwyl Ingrid met verlof was, het Monique haar pligte hanteer. “Ek weet nie hoe kry sy dit reg om altyd behulpsaam en vriendelik te wees en almal altyd met respek te behandel, ten spyte van die massas versoeke wat sy daaglik hanteer nie.” Volgens Monique sit Ingrid dikwels dit waarmee sy besig is opsy om eers iemand te help, al beteken dit dat sy soms saans tot 19:00 moet werk.

Cobus Steenkamp van die Projektkantoor by die Institusionele Kantoor meen **Alinah Kompe** en **Fridah Mpela**, kombuisassistentes by die Institusionele Kantoor, is twee ware kombuis-feë. Maak nie saak hoeveel koppies koffie hy drink nie, elke keer as hy weer in die kombuis kom, is sy koppie silwerskoon in die rak, gereed vir die volgende sarsie boeretroos.

Christo De Beer van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning by die Institusionele Kantoor se harde werk, veral wat betref die noodkragstelsel, sowel as al die ander werk op die kampusse, gaan nie ongesiens verby nie. “Christo is altyd bereid om te help en daardie ekstra myl te stap,” sê kollega Hendrik Esterhuizen.

Motheo Monaisa van Bemarking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus nomineer haar kollega, **Desmond Leipa Phuti** van dieselfde afdeling as ’n toegewyde “ekstra-mylers”. “As studentewerwer doen hy so baie vir die studente. Hy het al studente se registrasiegeld uit sy eie sak betaal en hulle met behuising en vervoer gehelp. Nie een keer het ek hom gehoor kla nie – hy doen dit met ’n oop hart,” sê sy.

🔗 **Vervolg op bladsy 17**



Mandi Wallace



Ingrid de Villiers



Alinah Kompe



Fridah Mpela



Christo De Beer



Desmond Leipa Phuti



Yolande Bechaz



Prof Chrizanne van Eeden

V e e l s G e l u k !

Die wenners van die blokkiesraaisel-kompetisie in die September-uitgawe van Eish! was die volgende:

- Mafikengkampus: Mnr Koos Degenaar
- Potchefstroomkampus: Me Marina Louw
- Vaaldriehoekkampus: Mnr Levi Mofokeng
- Institusionele Kantoor: Me Rolandie Roestorf

Dié wenners het elkeen 'n handige NWU-sak ontvang.

Hou die eerste Eish! van 2010 dop vir 'n opwindende nuwe wedstryd in Eish! Onthou, jy kan ook 'n wenner wees!



Me Rolandie Roestorf



Me Marina Louw



Mnr Levi Mofokeng



Mnr Koos Degenaar



Elke wenner het 'n korporatiewe geskenkpak soos hierdie ontvang.

Hulle is ook wenners

'n Klompie NWU-personelede se kennis oor die Universiteit het hulle 'n korporatiewe geskenkpak in die sak gebring.

'n Wenner van elke besigheidseenheid is ná 'n gelukkige trekking by die Institusionele Komitee vir Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit in Oktober aangewys. Dié personelede het die vroeë korrek beantwoord in 'n kompetisie wat deel was van 'n bewusmakingsveldtog oor die NWU se handelsmerk. Die vroeë was in 'n spesiale koevertjie met inligting oor die handels-

merkstrategie wat saam met die vorige uitgawe van Eish! versprei is.

Die volgende kollegas ontvang elkeen 'n geskenkpak:

- Mafikengkampus:** Mnr Jack Ganakgomo
- Potchefstroomkampus:** Me Sonika du Plessis
- Vaaldriehoekkampus:** Prof Kobus Lombard
- Institusionele Kantoor:** Mnr James Botha

Veels geluk aan die wenners!



Mnr Jack Ganakgomo



Me Sonika du Plessis



Prof Kobus Lombard



Mnr James Botha

Staatmakers stap die ekstra myl

Vervolg van bladsy 16

Janine du Toit van die Skool vir Kommunikasie-studies op die Potchefstroomkampus glo **Yolande Bechaz** van Finansies is een van die heel hulpvaardigste personelede by die Institusionele Kantoor. Nadat Janine 'n ruk gelede in 'n nuwe afdeling begin werk het, het

sy 'n navraag vir Yolande se Direkteur gehad. "Yolande se eerste woorde aan my was: 'Voordat ek 'n boodskap vir haar neem, kom ons kyk eers of ek jou kan help.'"

Sindy Pieterse van die Vaaldriehoekkampus sê **prof Chrizanne van Eeden**, Direkteur: Gedragwetenskappe op dié kampus is 'n

staatsmaker wat altyd binne 24 uur op navrae reageer. "As sy jou nie so vinnig kan help nie, laat weet sy jou ten minste, sy vergeet nie net daarvan nie. Sy is 'n klein mensie met 'n groot hart wat plek het vir elkeen van ons."

Voorwaar 'n span staatsmakers dié! Laat weet gerus as jou kollega ook altyd bereid is om die ekstra myl te stap om net die beste diens te lewer. Stuur gerus 'n e-pos aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of 'n faks na (018) 299 4937.

Meld ongerymdhede aan en spaar die NWU miljoene per jaar

Geldverduistering en bedrog is realiteite waarmee alle organisasies, insluitende die NWU, te kampe het. Eish! het hieroor met me Madelein van der Merwe van Interne Oudit by die Institusionele Kantoor gesels.

Bedrog en ongeruimdheid aan die NWU het die afgelope jare so toegeneem dat Interne Oudit, die Regskantoor en Arbeidsverhoudinge deesdae tussen drie tot vier sake per maand ondersoek. Die geldwaarde van onlangse sake wat ondersoek is, wissel tussen R3 000 en R800 000.

Dié feite het Interne Oudit genoop om op 8 en 23 Oktober 2009 werksinkels oor bedrog vir NWU-bestuurders aan te bied as deel van 'n bewusmaakveldtog.

Sowat 62 lede van die Senior Bestuur van die NWU, asook persone wat groot navorsings- of derdegeldstroom-projekte bestuur, is uitgenooi om dié sessies by te woon.

“Daar word beraam dat organisasies gemiddeld sowat 6% van hul jaarlikse netto wins as gevolg van bedrog verloor. As dié beginsel op die NWU toegepas word, kan dit tot R4,5 miljoen beloop,” sê me Madelein van der Merwe.

Onlangse navorsing het getoon dat 85% van alle bedrog by organisasies deur werknemers self gepleeg word. Hiervan is 55% gewoonlik bestuurders. Minder transaksies, maar groter bedrae is gewoonlik betrokke wanneer hoëvlakwerknemers hul skuldig maak aan bedrog, terwyl meer dikwelse voorvalle en kleiner bedrae betrokke is wanneer laevlakwerkers skuldig is.

Tydens die werksinkels is 'n paar gevaartekens uitgewys waarop bestuurders moet let, onder meer die volgende:

- Oorspandering op 'n spesifieke aktiwiteit of rekening (teenoor begroting)
- 'n Werknemer wat 'n onverklaarbare hoë lewensstandaard handhaaf
- 'n Werknemer wat in groot finansiële nood verkeer
- Onvoldoende dokumentasie of dokumentasie wat weggraak of onverklaarbaar vernietig is
- Onduidelike afskrifte van belastingfakture of ondersteunende dokumentasie
- Veranderinge op dokumentasie
- Onvolledige dokumentasie, bv sonder adresse en kontaknommers
- Word- en Excel-gegenereerde fakture of geskrewe fakture
- Faktuurnommers wat nie sin maak nie of ontbreek
- Manipulasie van BTW-hantering op die Universiteit se stelsel tussen geldstrome en inkomste-rekening
- 'n Werknemer wat nie verlof wil neem nie of die inhoud van sy werk nie toeganklik wil maak vir ander nie
- 'n Werknemer wat beheer het oor te veel prosesse in die stelsel

- Slordige of 'n gebrek aan finansiële beheer
- Geen rekonsiliasie, kontrole en opvolg van transaksies aan die einde van die maand (Werknemers besef dan dat hulle nie maklik uitgang gaan word nie)
- Fiktiewe reis- en verblyfse en ander kosteverhalings
- Gebruik van die Universiteit se stelsels, toerusting, intellektuele eiendom, internet-geriewe, telefone, selfone, ens vir privaat-doeleindes.

Interne Oudit moedig NWU-werknemers aan om gevalle van ongerymdhede aan te meld. Die prosedure hiervoor word uiteengesit in die NWU se beleid oor die rapportering van wanadministrasie en ongerymdhede en die beskerming van openbaarmaking.

Ongerymdhede kan op verskillende maniere aangemeld word. Werknemers kan byvoorbeeld die vorm voltooi wat as bylaag tot die beleid dien, wat op die webwerf beskikbaar is. Dié vorm kan dan in die aanmeldingsbussies by die administratiewe geboue van die onderskeie kampusse en by die Institusionele Kantoor se C1-gebou gegooi word.

Werknemers kan ook 'n afspraak met die Direkteur of die Hoof van Interne Oudit maak, of kan die inligting per e-pos of interne pos (bussie 499) aan dié persone stuur. Andersins kan werknemers verdagte gevalle direk by die Visekanselier, dr Theuns Eloff, aanmeld.

Me Van der Merwe sê die meeste sake wat hulle ondersoek, spruit voort uit die wenke van sogenaamde 'fluitjieblasers'.

Dié 'fluitjieblasers' kan heeltemal anoniem bly, maar volgens me Van der Merwe is dit dan belangrik om soveel moontlik inligting deur te gee, aangesien dit moeilik is om vae, anonieme bewerings op te volg en te ondersoek.

“Indien die persoon wel sy naam aan ons bekend maak en meer spesifieke inligting gee, kan ons die aangeleentheid net beter ondersoek. Ons kan ook aan die betrokke persoon terugvoer oor die vordering en uiteinde van 'n ondersoek gee.

Indien die 'fluitjieblaser' sy naam aan ons bekend maak, kan hy of sy gerus wees dat ons 'n verantwoordelikheid het om sy identiteit te beskerm, indien hy of sy dit so versoek het,” sê sy.



Me Madelein van der Merwe van Interne Oudit by die aanmeldingsbussie by die Institusionele Kantoor. Personeel van Interne Oudit maak gereeld dié bussies leeg.



Innovation for the people vertel die verhaal van hoe die NWU-gemeenskap hul kundigheid op innoverende wyse aanwend om oplossings te vind vir probleme wat die gemeenskap en die land in die gesig staar.



In die eerste uitgawe van die alumni-tydskrif, *NWU+U*, verskyn onder meer groetboodskappe deur bekende alumni soos mnr FW de Klerk en die musici, Rina Hugo en Johan van Rensburg.

Innovasie en alumni baat by twee 'eerste' publikasies

Die NWU het vanjaar twee 'eerste' publikasies die lig laat sien. Die een handel oor die implementering van kundigheid aan die NWU en die ander is 'n tydskrif vir al drie kampusse se alumni.

Die oogmerk met die publikasie, *Innovation for the people*, is om vir belanghebbendes van die Universiteit 'n oorsig te gee van hoe die NWU die kundigheid van veral sy personeel aanwend tot voordeel van die gemeenskap, die provinsie, Suid-Afrika en die wêreld.

Dié lywige publikasie bevat inligting oor navorsing en die implementering van kundigheid op sowel 'n kommersiële, as nie-komersiële basis.

Implementering van kundigheid op 'n kommersiële basis sluit onder meer tegnologie-oordrag, lisensiering van patente, newemaatskappye, konsultasie en kortkursusse in. Die implementering van kundigheid op nie-komersiële basis, met ander woorde sonder 'n winsmotief, behels onder meer werkwinkels, dienslewering by byvoorbeeld ouetehuse en kinderhuse, en lidmaatskap van verskeie nasionale en internasionale rade of komitees waar waardevolle advies deur kenners gegee word.

Die idee is om in die toekoms 'uittreksels' uit die publikasie te maak in die vorm van brosjures

of pamflette. Personeel sal dan toepaslike pamflette kan kies en saamneem na byvoorbeeld 'n potensieële investeerder of navorsingsvennoot.

"Dié publikasie vat die kundigheid asook kompeterende voordeel van die fakulteite, skole en navorsingsentiteite van die drie kampusse saam," sê professor Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie.

Die ander 'eerste' publikasie, *NWU+U*, is die eerste tydskrif vir alle alumni van die NWU en die voormalige instellings waaruit dit saamgestel is. Daarin word nuus oor die kampusse, die personeel en die *NWU*-Raad en Bestuur weergegee. Dit bevat ook artikels oor interessante alumni wat nasionaal en internasionaal uitblink, die alumni-databasis met sy meer as 109 000 name, en die gesellige makieties wat die kampusse se alumni-kantore reël.

Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die *NWU*, sê: "Hierdie opwindende publikasie wys hoe ver ons al gevorder het met die samesmeltingsideaal van eenheid en diversiteit. Ons wil met alle alumni deel wat met die *NWU* gebeur, en hoop dat ons daardeur ook verhoogde betrokkenheid by die *NWU* en al sy kampusse sal kry".



Illustrasie:
Wilson
Mgobhozi

Vir die *NWU* was 2009 was vol hoogtepunte. Die Universiteit het byvoorbeeld Price-waterhouseCoopers se Korporatiewebestuurtoekenning vir Uitnemendheid in Hoëronderderrig vir die derde agtereenvolgende jaar gewen en het 'n nuwe Kanselier, Koning Leruo Molotlegi, ingehuldig. Die institusionele oudit deur die Hoëronderwyskwaliteitskomitee het glad verloop en so ook die proses om die twee vakatures vir kampusrektore te vul.

2009 in fokus



Personeel het die twee interkampus sosiale dae wat op 20 Maart 2009 op die Potchefstroomkampus en op 28 Augustus op die Vaaldriehoekkampus gehou is, terdeë geniet.



Die Institusionele oudit deur die Hoërondewys-kwaliteitskomitee (HOKK) in Maart 2009 het goed afgeloop. Hier bestudeer die NWU-paneel die terugvoer wat personeel ná die onderhoude gegee het. Hulle is van links (agter) prof Daan van Wyk, prof Susan Coetzee-Van Rooy, prof Amanda Lourens, mnr Attie Juyn, dr Jannie Jacobsz, prof Linda du Plessis en prof Mogege Mosimege.

Die NWU het vanjaar 'n rekordgetal van 5 059 eerstejaars op die drie kampusse verwelkom.



Altesaam 899 NWU-personeellede het vanjaar die 12 industriële teater-vertonings op die drie kampusse bygewoon.



Die NWU het vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar die PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe-bestuurstoe-kennig vir Uitnemendheid in Hoër Onderrig gewen.

